**Abram se geloof het gegroei, Lot s'n nie (OP143)**

**Gen 13:1-18**

**27 Augustus 2023**

Laasweek het ons besin oor Abram se geloof wat getoets is deur die hongersnood wat die Here in die beloofde land gebring het. Abram het daarop gereageer deur Egipte toe te trek op soek na kos. Hy het ook Sarai oortuig om in Egipte te sê dat sy nie sy vrou is nie, maar wel sy suster. Sodoende het Abram twee beloftes van die Here op die spel geplaas – die belofte van die beloofde land, asook die belofte van 'n nageslag. Die Here het egter ingegryp. Hy het die farao gekonfronteer, en deur die farao het Hy Abram teruggestuur na die beloofde land, saam met Sarai en Lot. Die gevolg was dat Abram na die hongersnood weer geëindig het by Negev waar hy was voor die hongersnood, saam met Sarai en Lot, terwyl die beloftes van die Here ook steeds in plek was. Ons het gesien die doel met hierdie gebeure was dat Abram se geloof getoets moes word. Abram se geloof was nog swak en wankelend, en die Here wou dit laat groei deur die toets aan te lê. Die Here was egter ten nouste betrokke tydens die toets. Netsoos Abram, moet en sal ons geloof ook getoets word, want sonder geloof is dit onmoontlik om die Here te behaag. Maar, netsoos Abram, kan ons ook verseker wees van die Here se nabyheid tydens so 'n toets.

Vandag wil ek stilstaan by die gebeure in Gen 13 – dit handel oor die skeiding tussen Abram en Lot. Ek wil dit bespreek onder die volgende drie punte: (1) Die historiese gebeure toe Abram en Lot van mekaar geskei het, (2) Die openbaringswaarhede wat ons leer uit hierdie gebeure, en (3) Die implikasie vir ons.

<u>Die historiese gebeure toe Abram en Lot van mekaar geskei het (Gen 13:1-18)</u>

Lees Gen 13:1-2. Ons lees hier dat Abram saam met Sarai en Lot, tesame met alles wat aan hulle behoort het, teruggekeer het uit Egipte na die hongersnood. Hulle het gevorder tot by Negev – van waar hulle voor die hongersnood na Egipte vertrek het. Soos ons laasweek al gesien het, was Abram 'n vermoënde man, met vee, silwer en goud – waarskynlik deels te danke aan die bruidskat wat hy van die farao ontvang het.

Lees Gen 13:3-4. Vanaf die Negev het Abram van plek na plek getrek, tot hy weer by daardie plek gekom het noord van Jerusalem tussen Bet-El en Ai, waar hy in Gen 12:8 ook was, en waar hy destyds 'n altaar vir die Here gebou het. Ons lees verder dat Abram daar die Naam van die Here aangeroep het.

Kom ons spring net vir 'n oomblik na verse 17-18 aan die einde van die hoofstuk. Lees dit. Hier lees ons ook dat Abram van plek tot plek getrek het, soos in vers 3 – tot hy by Hebron gekom het, waar die akkerbome van Mamre was. Hebron was suid van Jerusalem. Daar het Abram weer 'n altaar vir die Here gebou. Die gebeure van die skeiding tussen Abram en Lot word aan die begin en die einde omarm deur 'n beskrywing van Abram wat rondtrek deur die land, en dat hy voor die skeiding tussen Bet-El en Ai die naam van die Here aanroep by sy vorige altaar, en dat hy na die skeiding nog 'n altaar by Hebron bou. Dit is heeltemal anders as tydens die hongersnood in die vorige gedeelte waarna ons laasweek gekyk het. Daar was geen sprake van altare in Egipte, of dat Abram die Naam van die Here aangeroep het nie. Dit klink heel bemoedigend.

Lees Gen 13:5-7. Hier ontwikkel 'n nuwe krisis. Beide Abram en Lot het baie kleinvee, beeste en tente gehad. Hulle was dus beide voorspoedig. Hulle was so voorspoedig dat die land nie hulle beide kon dra nie, veral nie as mens in gedagte hou dat die Kanaäniete en die Feresiete ook nog in die land gewoon het nie. Die gevolg was dat daar 'n stryery tussen Abram se veewagters en Lot se

veewagters ontstaan het. Onthou die vorige krisis was weens hongersnood in die land – weens die hongersnood het hulle teenspoed beleef. Die huidige krisis was egter die gevolg van hulle ongekende voorspoed. Let op: soos wat gebrek tydens teenspoed kan lei tot 'n krisis, netso kan oorvloed tydens voorspoed ook lei tot 'n krisis.

Lees Gen 13:8-9. Soos tydens die hongersnood krisis, het Abram tydens hierdie nuwe krisis ook 'n plan gemaak. Abram se plan het ten doel gehad om vrede te bring tussen sy en Lot se veewagters. Anders as tydens die hongersnood, was Abram se plan hierdie keer nie dat hulle die land verlaat nie, selfs nie dat een van hulle die land moet verlaat nie. Sy voorstel was eerder dat hulle die land tussen hulle moet verdeel. Abram se voorstel was dat as Lot links gaan, sal hy regs gaan, en as Lot regs gaan, sal hy links gaan. Die verstommende is dat Abram aan Lot die geleentheid gegee het om te kies waar hy wou gaan woon. Abram was tevrede om dan in die res van die land te gaan woon. Onthou: Abram was Lot se meerdere – hy was sy oom. Abram was die een wat hom oor Lot ontferm het toe Lot se pa gesterf het. Dit was Abram wat deur die Here geroep is om te trek, en dit was Lot wat saam met Abram getrek het – nie andersom nie. En tog het Abram aan Lot die geleentheid gegee om te kies watter deel van die land hy wou neem.

Lees Gen 13:10-13. Hier lees ons van Lot se keuse. Onthou, hulle was tussen Bet-El en Ai – dus ongeveer in die middel van die beloofde land. Lot het rondgekyk, en toe besluit om die Jordaanstreek te kies. Van waar hulle was tussen Bet-El en Ai het die Jordaanstreek aan hulle oostekant gelê. Ons weet dit is in die oostelike deel van die land waar die Jordaanrivier vloei, in die suide vloei die rivier in die Dooie See. Lot het die gebied rondom die Jordaanrivier gekies – insluitende waarskynlik ook 'n gedeelte aan die oostelike kant van die Jordaan. Aan die suidekant kon dit selfs so ver suid as Soar gestrek het. Dit het die dorpe Sodom en Gomorra ingesluit. Die rede vir Lot se besluit was dat hierdie gebied baie water bevat het a.g.v. die teenwoordigheid van die Jordaanrivier. Die skrywer herinner ons dat die teenwoordigheid van die Jordaan en die baie water 'n mens laat dink aan die tuin van die Here, dit is aan die tuin van Eden in Gen 2:10 waar ons gelees het dat daar 'n rivier in Eden ontspring het, wat die tuin nat gemaak het. Dit laat 'n mens ook dink aan Egipte met die Nylrivier – juis waarheen hulle gevlug het tydens die hongersnood krisis. In beide Eden en Egipte is die teenwoordigheid van die riviere sekerlik 'n seën vir die omgewing en die inwoners wat daar woon. Maar dit kan ook 'n versoeking wees – soos wat die Nylrivier vir Abram en Lot was tydens die hongersnood. Daar is 'n paar probleme wat ons moet raaksien in hierdie keuse van Lot: Aan die eenkant was dit 'n selfsugtige besluit. Hy het die Jordaanstreek gekies, sonder om te dink oor wat die implikasie van sy keuse sou wees vir Abram. Verder, het Lot net die voordeel van baie water gesien, sonder om kennis te neem of om hom te steur aan die feit dat die streek stede soos Sodom en Gomorra ingesluit het. Die skrywer maak spesifiek die punt dat die mense in Sodom baie sleg en sondig was voor die Here. Ja, dit was nog voordat die Here Sodom verwoes het, maar die skrywer herinner ons as die lesers daaraan dat die Here later wel vir Sodom en Gomorra verdelg het a.g.v. hulle sonde. Maar dit alles is nie vir Lot 'n oorweging nie – al wat hy sien is die volop water en die belofte wat dit inhou in terme van verder groei in sy fisiese rykdom.

Die gevolg van Lot se besluit was dat Abram die res van die land ontvang het – dit word in vers 12 Kanaän genoem. Die deel wat hy ontvang het, het nie die voordeel van die standhoudende Jordaanrivier gehad nie. In Deut 11:10-12 lees ons dat Moses vir die volk sê: "Want die land waarheen jy nou op pad is om dit in besit te neem, is nie soos Egipteland waarvandaan julle weggetrek het nie – 'n land waar jy jou saad gesaai en met leivore natgelei het soos 'n groentetuin. Die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, is 'n land met berge en valleie, dit drink reënwater uit die hemel. Dit is 'n land waarvoor die Here jou God bly sorg. Die Here jou God hou voortdurend sy oog daaroor – van die begin tot die einde van die jaar". Die punt is: die res van

Kanaän waar Abram nou gaan woon, is afhanklik van die Here om vir hulle reën te gee. Onthou waaroor ons so 'n paar weke gelede gepraat het toe ons by die toring van Babel stilgestaan het: Een van die doelwitte met die toring was om self God te wil wees, die mense wou hulle afhanklikheid van God verlaag. Fokkelman het gesê die implikasie van wat hulle beplan het, was dat hulle daardie opwindende gesprekke met God wou afsny, en hy het gesê dit is gevaarlik. Ons sien iets soortgelyks hier: Die feit dat Lot toegang gehad het tot oorvloedige water in die Jordaanstreek het die gevaar ingehou dat hy nie meer behoefte sou hê aan daardie opwindende gesprekke met die Here nie. Abraham, daarenteen, wat in die deel van die land woon wat absoluut afhanklik is van die reën van die Here, sal voortdurend in 'n opwindende gesprek met die Here wees om reën te gee. Hierdie realiteit het ook by Lot verbygegaan. Dit is bemoedigend om te sien dat Abram tevrede was om hierdie deel van die land te ontvang waar hy gedwing gaan word om voortdurend op die Here te vertrou. Dit is heel anders as by Negev voor die hongersnood waar hy op sy eie plan vertrou het om by water buite die beloofde land te kan uitkom. Abram se geloof in en vertroue op die Here het gegroei tydens die Egipte-ekskursie, maar ongelukkig nie Lot s'n nie.

Lees Gen 13:14-17. Nadat Lot weggetrek het, het die Here met Abram gepraat. Weereens is dit so anders as toe Abram in Egipte was – alhoewel die Here betrokke was by al die gebeure, het die Here nie direk met Abram gepraat nie. Nee, Hy het met die Farao gepraat, en Hy het die farao gestuur om Abram te konfronteer oor sy oneerlikheid. Hy het die farao gebruik om Abram terug te stuur na die beloofde land. Maar nou praat die Here direk met Abram. En toe die Here met hom praat, herhaal Hy sy beloftes van die land en die groot nageslag aan Abram. Kom ons kyk eers na wat die Here oor die land sê: Abram moet rondkyk – na die noorde, die suide, die ooste en die weste. Vergelyk dit met Lot in vers 10 wat ook rondgekyk het – maar al wat Lot raakgesien het was die volop water in 'n oostelike rigting. Maar Abram moet noord, suid, oos en wes kyk - en alles wat hy sien sal syne wees, dit moet dus die Jordaanstreek ook insluit. En let op: Die Here sê dit sal Abram s'n wees vir altyd. Dit is die eerste keer dat die Here dit so eksplisiet sê – In Gen 12:1 en 7 het die Here net verwys na die land wat Hy vir Abram sal gee. Maar dit sal syne wees vir altyd. In vers 16 voeg die Here by dat Abram 'n groot nageslag sal hê – maar vir die eerste keer voeg die Here by hoe groot hierdie nageslag sal wees: so baie soos die stof van die aarde. Net iemand wat die stof van die aarde kan tel, sal Abram se nageslag kan tel. Ja, dit is dieselfde beloftes wat die Here vantevore aan hom gemaak het – maar die Here wys vir Abram hierdie beloftes is selfs nog groter as wat hy tot hiertoe gedink het. En dan sluit die Here af met die opdrag dat Abram die land moet deurkruis in sy lengte en breedte – dit alles gee die Here aan Abram. Abram het dit gedoen, en daarna by Hebron gaan woon.

<u>Die openbaringswaarhede wat ons leer uit hierdie gebeure</u>

Die vraag is: Wat leer ons uit hierdie gebeure? Onthou ons het gesê die Here wil deur die openbaringsgeskiedenis van Abram aan ons begin wys hoe Sy verlossingsplan werk. Wat is dit wat ons dan hier leer? Ek wil graag 3 dinge uitlig:

- Laasweek het ons geleer dat die Here Abram se geloof getoets het met die hongersnood met die doel dat sy geloof moes groei. En wat ons in hierdie gebeure raaksien is dat dit presies is wat gebeur het. Ons het gesien hoe hierdie gedeelte ingelei is met Abram wat tussen Bet-el en Ai die Naam van die Here aangeroep het by die altaar. Netso sluit die gedeelte af met Abram wat 'n altaar gebou het by Hebron. Die krisis van sy en Lot se veewagters wat stryery gekry het, laat hom nie weer die land verlaat om groener weivelde op ander plekke te gaan soek nie – nee, hulle moet in die land bly, en die land verdeel. Hy het geen probleem gehad om Lot te laat kies watter deel van die land hy wil vat nie – wat ook al oor sou bly was steeds deel van die beloofde land en daarom goed genoeg vir Abram. Hy was nie bekommerd om

deel van die land af te staan aan sy broerskind nie, solank dit kon bydra tot vrede tussen sy veewagters en Lot se veewagters. Hy het vertrou dat as hy deel van die land prys gee aan sy broerskind, sal dit nie die belofte van die Here aan hom bedreig nie. Abram staan sterker in die geloof na die hongersnood, as voor die hongersnood. Al het hy nie goed gevaar in die hongersnood-toets nie, het hy daardeur gegroei, en in die nuwe toets is die resultaat daarvan sigbaar. En die Here beaam dit, deurdat die Here dieselfde beloftes aan hom herhaal, en selfs nuwe detail daarby insluit. Duidelik is die band tussen die Here en Abram nou sterker en intiemer.

- Maar hier is nog 'n belangrike waarheid wat ons moet leer: Al het Abram baie in Egipte geleer, het Lot baie min geleer. Dit is verstommend: twee persone beleef dieselfde hongersnood, beide eindig in Egipte, beide keer terug – die een groei in die geloof, maar die ander een nie. Beide beleef fisiese voorspoed, beide het baie kleinvee, beeste en tente. Maar toe Lot die kans gegee is om 'n deel van die land te kies, sien hy net die volop water en wat dit vir hom kan beteken vir nog verdere fisiese rykdom. Hy kyk eenvoudig die gevare van wat saam met sy keuse kom, naamlik die boosheid in Sodom, mis. Hy dink nie oor die implikasies van sy besluit op Abraham nie. Hy begeer eenvoudig net meer. Hoe moet ons dit verstaan?

Om dit behoorlik te verstaan, mot ons teruggaan in die geskiedenis. Onthou die opdrag van die Here aan Abram in Gen 12:1: "Gaan weg uit jou land, weg van jou familie en jou ouerhuis, na die land wat Ek jou sal wys." Die opdrag aan Abram was om weg te trek van sy familie en ouerhuis. Aanvanklik trek hulle van Ur tot by Haran – ja, Abram het uit sy land getrek, en die grootste deel van sy familie agtergelaat – maar Tera, sy pa, en Lot, sy broerskind het saamgetrek – 'n deel van sy ouerhuis het saamgetrek! Hulle het in Haran gebly tot Tera gesterf het, voordat Abram na die beloofde land vertrek het – dus het 'n deel van sy ouerhuis nie verder saamgetrek nie. Maar Gen 12:4 sê: "Abram het gegaan, soos die Here vir hom gesê het, en Lot het saam met hom gegaan". Daar is kommentatore wat daaroor spekuleer dat Lot op eie inisiatief saam getrek het, nie soseer omdat Abram hom saamgevat het nie. Ons sal later nog meer van Lot leer – maar ek glo ons is almal bewus daarvan dat dit nie goed gegaan het met Lot nadat hy van Abram af weggetrek het nie. Ek wil nie nou te veel daaroor sê nie, maar kan ek jou net herinner aan wat ons in Gen 19:37-38 lees rakende Lot se nageslag. Onthou sy twee dogters het hom dronk gemaak en swanger geword by hom. Ons lees: "Die oudste het aan 'n seun geboorte gegee, en sy het hom Moab genoem. Hy is die stamvader van die huidige Moabiete. En die jongste, ook sy het aan 'n seun geboorte gegee en hom Ben-Ammi genoem. Hy is die stamvader van die huidige Ammoniete." Sien jy dit: Abram het die vooruitsig van 'n nageslag soveel as die stof van die aarde en hulle sal geseënd wees. Lot se nageslag is die Moabiete en Ammoniete.

Wat is die rede vir die verskil? Ons vind die rede al in Ur: Abram is deur die Here geroep, maar Lot nie. Abram is die een uit wie se nageslag die Een gebore sou word wat die Here na die sondeval beloof het, nie Lot se nageslag nie. Ons het toe ons oor Abram se roeping gepraat het, gesê dit is die Here wat roep, en Hy roep wie Hy wil. As Hy roep, sal die persoon wat geroep word, hom bekeer, tot geloof kom – en uit die hongersnood-episode sien ons sy geloof sal groei. Maar wat ons ook sien: As die Here nie iemand geroep het nie, kom hy nie tot geloof nie – selfs nie al leef hy direk saam met iemand wat wel geroep is nie. Hy kan wel voorgee hy leef saam met die gelowiges, maar kort voor lank kom daar 'n versoeking van volop water, en hy wys sy ware kleure. Die punt is: as iemand gered word, behoort al die lof en die eer daarvoor aan die Here.

- Kom ons besin oor wat Abram moes gedink het toe die Here in verse 14-17 vir hom weer die beloftes van die land en die nageslag herhaal. Sopas was daar nie genoeg ruimte vir Abram en Lot en al hulle besittings om in daardie deel van die land waar hulle was, te woon nie. Sopas het Abram vir Lot die keuse gegee om 'n deel van die land te kies. Sopas het Lot die Jordaanstreek gekies. En dan, as Lot weggetrek het, sê die Here vir Abram: "Kyk noord, kyk suid, kyk oos, kyk wes – dit alles is joune vir altyd." Maar, moes Abram gedink het: "Lot het dan sopas die Jordaanstreek na die ooste gekies! Hoe gaan dit alles myne wees vir altyd?" Verder het die Here gesê: "Jou nageslag sal so ontelbaar wees soos die stof van die aarde." Maar, moes Abram gedink het: "Ek en Lot moes dan sopas uitmekaar gaan, want daar was te min plek vir ons!" Abram moes sekerlik gedink het: "Hoe gaan dit werk om soveel mense in die land in te pas?" Of miskien het hy eerder gewonder: "Hoe ver noord, suid, oos en wes moet ek kyk om al daardie mense in te pas?" Abram moes sekerlik ook gedink het: "Wat bedoel die Here as Hy sê die land sal myne en my nageslag s'n wees vir altyd? Wat beteken 'vir altyd'?" Ek is seker Abram moes begin dink het: "Here, net hoe groot is dit wat U beplan?".

  Ek het al baie gewonder oor Heb 11:10 wat sê: "Abram het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die argitek en boumeester is." Duidelik is dit 'n verwysing na die hemelse Jerusalem. Waaroor ek gewonder het, is: Hoe het Abram geweet hy moes so 'n stad verwag? Verder, Heb 11:16 sê mense soos Abram het nie meer na 'n aardse land gehunker nie, maar na 'n hemelse een. Hoe het Abram dit geweet? Ek is oortuig dit is uitsprake van die Here soos hierdie in Gen 13 wat Abram moes laat dink het: "As my nageslag so baie soos die stof van die aarde gaan wees, gaan dit onmoontlik wees vir die aarde soos wat ek dit ken om al daardie mense te bevat. As die Here sê ons gaan dit vir altyd besit, moet daar 'n ander dimensie wees wat die Here in gedagte het wat meer is as net die fisiese land. Die Here moet iets groters in gedagte hê."

  Die afgelope week, terwyl ek aan hierdie preek werk, lê ek een nag en dink oor die grootsheid en uitgestrektheid van die heelal. En toe tref dit my skielik: dit is net op die aarde, op daardie klein spikkeltjie in die majestueuse heelal wat mense opgelewer word wat deel is van die nageslag van Abram. Vir eeue lank word mense op hierdie aarde spikkeltjie gebore, hulle leef miskien vir 70 of 80 jaar, iewers roep die Here hulle, hulle worstel en groei in die geloof, en dan sterf hulle – en wanneer hulle sterf kom hulle siele op Sionsberg in die hemel bymekaar (Op 14:1-3). Kan jy jou indink hoeveel siele al daar moet wees? Abram is ook daar, saam met al die ander gelowiges in Heb 11, saam met baie ander. Vir eeue lank hou hierdie stroom al aan – siele van gelowiges wat van daardie klein spikkeltjie, die aarde, na die hemel gaan. En wie weet hoe lank dit nog gaan aanhou? Maar eendag gaan die getal vol wees. En dan gaan die Here die aarde nuut maak. En dan gaan hulle almal saam met die Here op die nuwe aarde kom woon. En toe wonder ek: Hoe groot gaan daardie nuwe aarde wees om die volle nageslag van Abram, wat soveel is as die stof van die aarde, vir altyd te kan huisves? Hoe ver noord, suid, oos en wes moes Abram gekyk het? Is jy al aangegryp deur die grootsheid van waarmee die Here God besig is?

<u>Implikasie vir ons</u>

Ek wil graag een implikasie van hierdie gedeelte vir ons uitlig. Laasweek het ons al stilgestaan by die feit dat gelowiges kan verwag dat hulle geloof getoets gaan woord, soos wat Abram se geloof getoets is tydens die hongersnood. Ek wil bietjie verder hieroor redeneer.

Wat ons in Gen 13 sien is dat Abram se geloof gegroei het tydens die hongersnood-gebeure, maar Lot wat dieselfde gebeure beleef het, het nie gegroei in die proses nie. En tog het Lot ook opofferings gemaak: hy het ook uit Ur getrek, hy het ook uit Haran getrek, hy het ook Egipte toe getrek – die heeltyd saam met Abram. Hoe is dit moontlik dat dieselfde toets van die hongersnood twee verskillende effekte op twee verskillende persone kon hê?

Lees saam met my in Jak 1. Ons lees eers Jak 1:2-4. Jakobus sê ons moet dit as ‘n vreugde beskou as allerhande versoekings oor ons kom. As jy die 2020 DAV het, sal jy sien daar is ‘n onderskrif dat die woord “versoekings” ook met “beproewings” vertaal kan word. In vers 3 noem hy ‘n versoeking / beproewing ‘n geloofstoets. Ek verkies die woord “beproewing”, en ek hoop die rede hiervoor sal netnou duidelik word. Die punt is: ons moet vreugde hê wanneer ons beproef word. In verse 2-3 verduidelik Jakobus hoekom ons hieroor opgewonde moet wees: Hy redeneer: So ‘n toets of beproewing leer ons om te volhard, en op die ou end lei dit daartoe dat ons volmaak en sonder gebrek kan wees, sonder dat ons in enige opsig tekort skiet. Dit is natuurlik ‘n goeie beskrywing van wat met Abram gebeur het tydens die hongersnood. Hy het geleer om aan die beloftes van die Here vas te hou. Toe die volgende krisis kom met die stryd tussen sy veewagters en Lot se veewagters, het hy volhard om aan die beloftes van die Here vas te hou – al moes hy ‘n deel van die land aan Lot afstaan. Abram het dus gevorder – hy was nou ‘n treetjie nader aan volmaaktheid.

Lees Jak 1:5. Die punt hier is dat as ons in ‘n toets of beproewing is, het ons wysheid nodig – en ons kan wysheid van God vra, wat dit aan ons sal gee. Wel, ons het gesien hoe Gen 13 begin en afsluit met Abram wat die Naam van die Here aanroep en altare bou. Lees Jak 1:12. Gelukkig is persone soos Abram, wat die toets / beproewing deurstaan en daardeur groei. Alhoewel hy die hongersnood toets grootliks gefaal het, het hy die onenigheidstoets met Lot geslaag. Sulke persone sal die oorwinningskrans van die lewe ontvang – wat God beloof het aan hulle wat Hom liefhet. Wel, direk nadat Abram die toets met Lot geslaag het, herhaal die Here sy beloftes aan Abram – en ten diepste is die inhoud van daardie beloftes dieselfde as die belofte van die oorwinningskrans van die lewe. Wel, tot hiertoe het Jakobus beskryf wat die effek is as iemand getoets word, en die toets het ‘n konstruktiewe uitkoms, soos wat met Abram die geval was. Ek verkies om sulke toetse beproewings te noem.

Maar, ‘n toets kan ook ‘n negatiewe uitwerking hê – ek verkies om sulke toetse versoekings te noem. Lees Jak 1:13-15. Hier lees ons iemand kan getoets word – dit kan dieselfde toets wees as in verse 1-12. Maar die persoon reageer anders: Vers 14 sê die persoon reageer tydens die toets deurdat hy deur sy eie begeertes meegevoer word en verlei word. Hy wil dat hierdie begeertes vervul of bevrug word, en wanneer dit gebeur gee dit geboorte aan sonde, en later die dood. Dit is wat met Lot gebeur het: Al het hy ook deur die hongersnood gegaan, toe die onenigheidstoets kom, het hy net toegang tot die water van die Jordaanstreek gesien en dit begeer. Hy het misgekyk dat dit saam met Sodom kom. Hy het sy begeerte bevrug deur die Jordaanstreek te kies – wat hom direk met die sonde in Sodom gekonfronteer het, en later baie probleme vir hom teweeg gebring het.

Die punt is dit: Alle mense word getoets. Die vraag is wat maak ons met die toetse in ons lewens? Maak ons hulle beproewings, waardeur ons groei in die geloof, leer om te volhard, groei na volmaaktheid – soos Abram. Dan kan ons verwag om te groei na volmaaktheid en die oorwinningskrans van die lewe. Of maak ons die toetse versoekings, waar ons die toetse gebruik om ons sondige begeertes te bevrug, wat eventueel tot die dood sal lei – soos Lot.

Natuurlik is die rede waarom Abram die toetse beproewings kon maak, terwyl Lot dit versoekings gemaak het, ten diepste die feit dat die Here vir Abram geroep het, en nie vir Lot nie. Maar let op hoe lank Lot saam met Abram geleef het, hoeveel opofferings hy saam met Abram gemaak het,

voordat sy ware kleure duidelik geword het. En dit is die waarskuwing aan ons: Dit sou moontlik wees dat ons ook soos Lot vir lank kan voorgee ons is deel van die nageslag van Abram, voordat daar een of ander tyd ‘n toets kom waar ons ware begeertes aan die lig kom, en dit duidelik word of ons werklik deel is van die nageslag van Abram of nie. Dit sal goed wees as ons gaan dink oor hoe ons optree wanneer ons getoets word – gebruik ons dit as ‘n geleentheid om te groei in die geloof, of as ‘n geleentheid om ons sondige begeertes te vervul?